

Klassieke Feëverhale

Die Towenaar van Oz



Eendag Lank Gelede

Dorothy en haar hondjie Toto het op 'n klein dorpie in Kansas gewoon. Sy was baie lief vir Toto en hulle het heelyd met mekaar gespeel.



Eendag was daar 'n aaklige sikloon. “Ons moet by die kelder kom, Toto!” het Dorothy geroep.



Maar dit was te laat. Die warrelende wind het die plaashuis in die lug opgelig en so was Dorothy en Toto na die afgeleë land Oz geneem.



Die plaashuis het met 'n ruk geland. Dorothy en Toto het uit die huis uit gestap en rond gekyk. “O, goeiste, Toto! Die huis het op iemand geval! Ek het nie bedoel om iemand seer te maak nie.”



'n Gelukkige groepie klein mense het na Dorothy gehaas.
“Welkom in Oz! Ons is die klein mensies van Oz en daardie
persoon op wie jy geland het, was die Bose Heks van die Weste.
Jy het ons vir altyd van haar bose towery bevry! Dankie!”



Nog een heks het verskyn, maar dit was die Baie Goeie Heks van die Noorde. “Dorothy, jy was baie dapper om die klein mensies te bevry. As daar enige guns is wat ek kan toe staan, vra maar.”



“Kan jy my die pad terug Kansas toe wys?” het Dorothy gevra.

“Slegs die Townenaar van Oz kan jou daarmee help. Maar hier, neem hierdie silwer tower skoene wat aan die Bose Heks van die Ooste behoort het. Hulle kan later vir jou nuttig wees. Volg nou die Geel Baksteen padjie tot by die Smaragstad. Daar sal jy die Townenaar van Oz vind.



Langs die pad het Dorothy 'n voëlverskrikker ontmoet wat kon praat.
“My kop is vol strooi, en mense dink ek is 'n dwaas,” het die Voëlverskrikker gesug. “Ek sal alles gee om 'n brein te hê.”

“Ek sal 'n weddenskap aangaan dat die Townenaar van Oz vir jou een kan gee,” het Dorothy gesê.

“Ek is op pad om hom op hierdie oomblik te gaan sien. Hoekom sluit jy nie by my en Toto aan op ons reis nie?”



Verder af in die Geel Baksteen padjie het die klein groepie 'n Blikman gekry wat styf geroes was. Nadat Dorothy die geroeste gewrigte geolie het, kon die Blikman vrylik beweeg.

“Ag, dankie, dogtertjie. Ek voel so goed soos nuut – al het ek steeds geen hart nie. Toe die blikmaker my gemaak het, het hy vergeet om vir my ‘n hart te gee.”

“Dit klink of jy die Townenaar van Oz ook moet sien!” het Dorothy geroep. “Kom saam met ons!”



Terwyl hulle deur 'n woud gereis het, het 'n groot leeu na Toto gespring en gebrul! “Moenie dit waag om Toto te byt nie!” het Dorothy geskree.

Die Leeu het 'n traan geknip en toe sy kop in 'n gevoel van skaamte laat sak.

Dorothy was geskok. “Jy is dan amper niks anders as 'n groot lafaard nie!”

“Ek weet,” het die Leeu gesnuif. “Ek wil graag dapperheid hê.”

“Towenaar van Oz gaan Voëlverskrikker 'n brein gee en vir my 'n hart,” het die Blikman gesê. “Miskien kan hy jou ook help!”



Die Leeu het dus by Dorothy, Toto, Voëlverskrikker en die Blikman aangesluit. Gou het die Geel Baksteen padjie hulle na die Smaragstad gerig.



Die veiligheidswag by die hek het aan Dorothy gesê dat min mense ooit die Groot Oz gesien het, maar dat sy en haar vriende toegang gegun is.



Die klein groepie het senuweeagtig die groot Troonkamer binne
gegaan en die Towenaar genader. Hy het na hulle versoeke
geluister en toe geantwoord, “Ek het gehoor dat jy die Bose Heks
van die Ooste vernietig het. As jy ons kan bevry van haar suster,
die Bose Heks van die Weste, dan sal ek al jou wense toestaan.
Gaan nou!”



Maar die bese heks het besluit om Dorothy en haar vriende dood te maak. Sy het 'n trop uit gehongerde wolwe gestuur om hulle op te eet.

“Dit is my geveg!” het die Blikman gesê. Hy het sy byl heftig geswaai. Die bang wolwe het omgedraai en weg gehardloop.



'n Skreeuende, swart wolk van wilde voëls het die lug verdonker.
"Kraaie!" het die Voëlverskrikker geskree, "Dit is my spesialiteit!"
Hy het sy arms opgewonde gewaai. "Boe! Gaan weg! Sjoe!"
"Jy het ons gered, Voëlverskrikker," het Dorothy gesug. "Dankie."



Die heks was woedend! Sy het haar gevleuelde apies gestuur om die groepie te vang. Babbelende ape het af geswaai, die reisigers gegryp en terug gevlieg na die bose heks se kasteel.



“Jy is baie boos!” het Dorothy geroep, en met dit gooi sy 'n emmer water oor die hele heks.

“O, nee!” roep die bose vrou. “Water sal my laat krimp en smelt!
O, ek krimp – ek smelt ...”



Binne oomblikke was die Bose Heks niks meer as 'n plas op die vloer nie.



Die heks se slawe was nou vry. Om hul waardering te wys, het hulle die Blikman reggemaak, die Voëlverskrikker met nuwe strooi gevul. en die Leeu vry gelaat. Kort voor lank was Dorothy en haar vriende op pad terug na Smaragstad.



Die towenaar was opgewonde om hulle te sien. “Jy het gedoen wat ek verwag het, en jy sal beloon word.”

So het die Voëlverskrikker sy brein ontvang, die Blikman sy hart ontvang en Leeu sy moed.



“Hoe kan ek terug gaan Kansas toe?” het Dorothy gevra.

Die towenaar het geglimlag. “Jy het die hele tyd die krag gehad. Jou silwer tower skoene sal jou oral neem waarheen jy beveel!”



Dorothy het hartseer na haar vriende gedraai. “Dit sal wonderlik wees om terug te keer huis toe, maar ek gaan julle almal baie mis,” Sy soen hulle almal totsiens. Daarna het Dorothy en Toto met die hulp van haar tower skoene terug gereis na hul huis in Kansas.



Die Einde





THINK

DIGITAL ACADEMY

